

Tema: JESUS IS DIE GOEIE HERDER VIR ONS AS SY SKAPE

Ons het 'n mooi romantiese prentjie van 'n herder met sy skape in die veld waar die gras altyd groen is en altyd genoeg water is.

Groen weivelde en genoeg water is in Palestina 'n raar verskynsel. In Suid-Afrika is die dorre Karoo en die Vrystaatse vlaktes as skaapwêreld nader aan die Bybelse toestande. Die son in Palestina kan brand. Die geliefde uitdrukking in Psalm 23 oor waters waar rus is, is nie iets wat volop in Palestina was nie.

Maar ook die landskap van die Karoo kan ons verkeerd laat dink oor herder wees. In die Karoo is min skaapherders. Waarom is dit so? Omdat dit nie nodig is nie. Die skape loop nie regtig gevaar as gevolg van die omgewing waar hulle beweeg en van wilde diere nie.

Daarom moet ons onself verplaas na die landskap van Palestina. Dit is 'n bergagtige landskap met baie gevaarlike rotse, diepe kuile en afgronde. Tussen die rotse sien jy skielik 'n kudde skape, en ja, natuurlik 'n herder. Want wat sou 'n kudde skape in hierdie bergagtige landskap sonder 'n herder maak? Die herder loop voor op regte paaie. Hy soek na goeie weivelde, want dit vind jy nie sommer nie. Soms moet 'n mens groot afstande aflê om 'n bietjie groen gras te kry of om 'n klein riviertjie te vind. Die herder moet met sy kudde die bergagtige landskap trotseer.

En die Herder moet altyd wakker wees, want dit kan sommer maklik gebeur dat 'n skaap in 'n diep kuil beland of van 'n afgrond val of net verdwaal tussen die rotste. So 'n skaap vind jy nie sommer terug nie. Rustig is dit glad nie.

Wat dit nog erger maak, is dat daar tussen die rotse allerhande roofdiere kan skuil, wolwe, leeus en bere. Herder Dawid het hiervan geweet. Hy het geveg met leeus en bere. En by tye was daar ook veediewe. Skape was altyd 'n maklike prooi.

Die domste ding wat 'n herder kon doen was om in die nag met jou skape in die oop veld te bly.

'n Herder lei sy skape daarom teen die aand na 'n kraal. Kraal was 'n oop ruimte in die veld wat deur takke of klippe afgeskerm word. 'n Klompie herders het van een kraal gebruik gemaak. Om die beurt hou die herders wag by die hek van die kraal. 'n Kudde sonder herder se kans op oorlewing is baie skraal.

Ons moet die romantiese prentjie van die herder met sy skape vinnig vergeet. Nie net lyk die prentjie in Jesus se tyd nie so nie, ook ons regte lewe lyk meer na daardie gevaarlike bergagtige landskap in Palestina as na 'n groen weiveld met 'n rustig kabbelende riviertjie. Die lewe is weerbarstig, droog en hard. In hierdie harde werklikheid sê Jesus: Ek is die goeie Herder.

SKRIFLESING: Johannes 10:1-21

Tema: JESUS IS DIE GOEIE HERDER VIR ONS AS SY SKAPE

Ek het vanoggend goeie nuus en slegte nuus. Wat wil jul eerste hoor? Die goeie nuus is dat Jesus ons goeie Herder is. Die slegte nuus is dat ons skape is. Skape is van die domste en kwesbaarste diere op aarde!

1. Skape kan nie vir hulself sorg nie en verdwaal maklik. Ons moet toelaat dat die Herder ons lei op die regte pad.

Skape dwaal maklik af. Hulle wonder wat is daar, wat is daardie groen kolletjie? En dan gaan kyk hulle daar en hulle verdwaal.

Ons is ook so.... Ons dwaal rond en kyk of iets anders my gaan gelukkig maak, dalk 'n nuwe kar, nuwe huis, nuwe werk, nuwe kerk of nuwe vrou....?

Ons lees in Jesaja 53:6 "Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom."

Die Here is die goeie Herder vir ons as sy skape. Hy is nie 'n huurder wat so paar rand betaal word om ons op te pas nie. Hy is die Goeie Herder wat alles, wat sy lewe ter wille van sy skape prysgegee en dit ook weer opneem. Hy is die Een wat opgestaan het. Sodoende het Hy die bose vernietig en vir ons die lewe gegee.

Die Here is ons Herder wat ons kom soek. Hy ken sy skape. Hy roep vir ons op ons name. Hy lei vir ons. Ons moet Hom laat voorloop soos skape in die Bybelse tyd.

Ons moet die Herder se stem ken en daarna luister. Ons leer sy stem in die eerste plek ken uit die Bybel, as ons stilword met die Bybel in die hand. Dit is so belangrik. Daar is vandag baie ander stemme, ook wat godsdienste aan betref, wat ons hoor en wat ons op verkeerde pad wil lei. Ons moet nie na hierdie stemme luister nie. Ons moet weghardloop na die Herder se stem toe.

Maar om die Herder te ken is meer as net kopkennis, dit is hart- of lewenskennis. Dit is om in 'n intieme geloofsverhouding met die Herder te staan. Hy ken ons, soos die Vader Hom ken en ons as sy skape moet Hom ken soos Hy sy Vader ken.

2. Skape het geen verdediging nie. Ons moet toelaat dat die Herder ons red en beskerm.

Die meeste diere het een of ander vorm van verdediging, maar nie skape nie. As iets 'n skaap aanval, is die enigste wat hy kan doen om te probeer wegkom en om te blêr.

Ons is ook so! Sonder 'n herder is ons baie kwesbaar. Ons is vatbaar vir die leuens van die duiwel en die wêreld wat ons wil laat loop op paaie wat lei na dood en verwoesting...

Nie net die duiwel is vir ons 'n gevaar nie. Daar is ook ander gevare soos diewe en rowers. Jesus verwys in Joh 10:1 na die Joodse godsdienstige leiers: "Ek verseker julle, iemand wat nie deur die hek in die skaapkraal ingaan nie, maar van die ander kant af oorklim, is 'n dief en 'n rower."

En daar is ook slegte herders wat nie vir die skape omgee nie. Hier wys Jesus na die Fariseers. Weereens sluit Hy met hierdie beeld aan by 'n beeld van sy tyd. Baiekeer is herders gehuur om skape op te pas. Anders as in die tyd van Dawid, was herders in Jesus se tyd maar twyfelagtige karakters. Herders was eintlik net by skape ter wille van die paar rand wat hulle betaal is. Die skape het nie aan die herder behoort nie. Daarom was hy nie oor hulle bekommerd nie en ook nie bereid om iets vir hulle op te offer nie. As die wolf kom, los so 'n herder die skape en hardloop weg. Die wolf vang die skape en jaag die trop uitmekaar en die gehuurde herder gee nie om wat met die skape gebeur nie.

Vir ons as skape is daar soveel gevare en so min om onself mee te verdedig, wat goed is, want dan neem ons soveel makliker ons toevlug tot ons Herder.

Jesus sê in Joh 10:10: “'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.”

Die Here red en beskerm ons. Hy is vir ons die ingang na 'n lewende verhouding met God. Hy is die ingang na 'n lewe gevul met vrede en vriendskap met God en met mekaar.

3. Skape is baie hardkoppig (dom). Ons moet toelaat dat die Here voorloop as Herder.

Ek hoor dat as skape tussen twee rotse vassit, hulle nie teruggaan om uit te kom nie, maar net vorentoe druk tot hulle ordentlik vassit. Dis asof hulle dink: “Met genoeg krag en inspanning gaan ek die rotse skuif.” Wie ken mense wat so is.....?

Skape wat geskeer is sal ook in die koue en reën bly staan sonder om skuiling te soek en op 'n hoop vrek. Dis hoe ons is, dom en hardkoppig! Ons probeer onself red. Ons sal op 'n plek bly staan wat nie vir ons goed is nie net omdat ons altyd daar gestaan het en daar sal ons doodgaan.

Ons moet ophou om dinge self te probeer. Ons moet ophou om ons eie planne te maak. Dit is nie nodig om in 'n diep kuil of oor die afgrond te val nie. Dit is nie nodig om te verdwaal nie. Ons moet ons Herder volg.

4. Daar is skape wat net wil wegbreek uit die trop. Ons moet toelaat dat die Here ons sy kudde maak.

Op ons eie is ons kwesbaar. Saam is ons veiliger. Eendrag maak mag.

Almal wat na Herder se stem luister en Hom volg is een groot Christelike familie met een Herder. As familie of kudde is ons nie eenders nie, ons verskil van mekaar. Maar ons is een kudde, een gemeente en een Christelike kerk met die Here as ons Herder. Hy bind vir ons in sy liefde aan mekaar.

Afsluiting

Ons hou baie van prentjies waar ons as gelowiges voorgestel word as leeus. Ek kry in die Nuwe Testament nie 'n teksvers waar ek lees dat die Here sy kinders soos 'n leeu maak nie. In die Ou Testament kry ek een vers in Gen 49 wat van Juda gepraat word as 'n leeu as Jakob hom seën.

In die Nuwe Testament is net minder as 30 verse wat van kinders van die Here praat as skape. Elf van hierdie verwysings is in ons Skrifgedeelte. In die Ou Testament is ook 'n paar verse wat van die volk van God praat as skape.

Ons is nie leeus nie. Ons is skape van die Herder.

Die slegte nuus is dat ons nie vir onself kan sorg nie. Ons verdwaal maklik, ons kan onself nie verdedig nie, ons is hardkoppig en party van ons wil allewig wegbreek uit die trop waar ons hoort.

Die goeie nuus is dat die Here ons Herder is en ons nie net skape is nie, ons is sy skape.
Ons het Goeie Herder wil vir ons as sy skape sorg en lei, red en beskerm en deel maak van sy kudde. Dit is waarvoor Hy gesterf en opgestaan het!

Amen